BEKENDSTELLING: PIONIERKURSUS VIR DIE ONTWIKKELING VAN NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE

Die doel van hierdie skrywe is om u uit te nooi na ’n byeenkoms waar die Pionierkursus van Hugenote Kollege bekendgestel sal word. Die doel van hierdie kursus is om leiers van klein spanne op te lei en te ontwikkel om verhoudinge met nie-Christene te bou, die evangelie aan hulle te verkondig en hulle in die konteks van ’n nuwe geloofsgemeenskap te dissipel. Hierdie nuwe geloofsgemeenskappe kan op sy beurt inskakel by bestaande gemeentes of tot nuwe gemeentes ontwikkel. Hierdie kursus word vanaf Julie 2018 in Johannesburg/Pretoria omgewing aangebied. Die volle besonderhede van hierdie deeltydse, nie-residensiële kursus oor twee jaar sal by die volgende byeenkoms bespreek word:

Datum: 19 April 2018

Plek: NG Gemeente Kempton-Kruin, Fiskaalstraat 30, Glen Marais, Kemptonpark. (See kaart)

Tyd: 1900-2030

Sal u asseblief enige persoon wat u dink daarin sou belangstel om vir die kursus in te skryf, uitnooi na die byeenkoms. Nooi asseblief ook enige ander persoon wat behulpsaam kan wees om mense te identifiseer en te motiveer om vir die kursus in te skryf. Ingesluit is ’n brosjure wat meer inligting oor die kursus gee.

Voltooi die tabel indien u, of enige ander persoon, beplan om die byeenkoms by te woon. Stuur die voltooide tabel asb. terug aan bostaande adres.

Naam en van	**E-pos adres**	**Telefoon/sel**	**Naam van plaaslike gemeente**

Saam in Sy diens,

Dr. Ryk van Velden

0828574368